Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 05 • SEPTEMBER / OCTOBER 2021



## MANAGING CRISES THROUGH PUBLIC RELATIONS: LAPSE IN ANTI-DUMPING DUTIES

## SANDVELD-KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP AURORA IN 2020/2021

Empangeni farmers get the know-how

Span weerdata in vir besproeiingskedulering

Kultivars wat op varsproduktemarkte presteer

# Aartappelreus roep die PIDT vaarwel

Deur Elmarie Helberg

Ernst Yzel is 'n aartappelboer, maar dit is nie ál nie. Vir bykans tien jaar het Ernst met ywer die leiding geneem as voorsitter van Aartappels SA (ASA) se Aartappelbedryfsontwikkelingstrust (PIDT) om 'n verskil in die bedryf te maak. Hy het egter onlangs besluit om hierdie hoofstuk van sy loopbaan af te sluit. Volgens dr Ben Pieterse, wie sedert 1 Julie vanjaar die leisels by hom oorgeneem het, is Ernst 'n man wat die PIDT en ASA met dieselfde respek gedien het as wat hy sy eie grond hanteer.

Ernst se boerderyloopbaan het in 1981 vlam gevat. As aartappelboer wat vir langer as 24 jaar op droëland in Marquard in die Oos-Vrystaat geboer het, het Ernst deurlopend respek vir sy grond getoon. Waar produsente dikwels elke drie jaar aartappels plant, hou Yzel Boerdery by 'n rotasieskedule van vyf tot ses jaar. "Gedurende hierdie tyd was aartappels baie goed vir my," vertel Ernst.

## 'n Integrale deel van die PIDT

Ernst is al sedert die PIDT se ontstaan in 2004 deel van die prentjie. Die trust het hoofsaaklik ten doel om bedryfsheffings in te vorder en te bestuur ingevolge statutêre strategieë. Volgens sy kollegas, het hy in sy tyd by die PIDT verseker dat die doel van die PIDT gedurende elke statutêre tydperk verwesenlik word, en dat die projekte wat deur die trust goedgekeur is, die totale aartappelbedryf bevoordeel.

Wanneer daar oor leierskap gepraat word, is Ernst van mening dat 'n mens nie kan verwag om deel te wees van 'n lekker gemeenskap as jy nie bereid is om 'n bydrae te lewer nie. Hy het van 'n jong ouderdom af reeds leierskapsposisies ingeneem en het op verskeie koöperasies se direksies gedien. "Net toe ek dink ek is klaar, toe betree ek die aartappelbedryf, wat op daardie stadium baie swaar getrek het."

Na 'n besluit deur aartappelprodusente om die rigting van 'n statutêre heffing in te slaan, het die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf 'n totale nuwe wêreld betree. "Ons kon uiteindelik met ander lande saamwerk. Die sinergie wat daaruit voortgevloei het, het ASA in 'n wêreldklas-organisasie omskep," sê Ernst.

Intussen het die plaaslike aartappelbedryf aanhou gegroei, met produksie wat die afgelope dekade bykans verdubbel het.

## 'n Wyd gerespekteerde voorsitter

Ernst was gedrewe deur ASA se doel om 'n produsente-organisasie van wêreldklasgehalte te wees, met streng finansiële dissipline, goeie dienslewering en deursigtigheid wat ononderhandelbaar is.

Dr Pieterse meen Ernst het 'n stewige fondament gelê, met genoeg ruimte vir hom om as voorsitter daarop voort te bou, ongeag of die aartappelbedryf voorspoed geniet of uitdagende tye moet oorkom. "Ek het die voorreg gehad om saam met Ernst te werk en verskeie vergaderings met plaaslike en buitelandse produsente en wetenskaplikes by te woon," sê hy.

"Ek was altyd beïndruk met die manier waarop Ernst enige aspek van aartappelproduksie of breër landbou met 'n plaaslike óf buitelandse gehoor kon bespreek. Sy kennis en insig het van hom 'n waardevolle en gerespekteerde voorsitter van die ASA-raad sowel as die PIDT gemaak. Ons is dankbaar vir sy monumentale bydrae tot die aartappelbedryf."



*Ernst Yzel, voormalige voorsitter van die PIDT.*

Ernst is allermins nie klaar met aartappels nie. Hy sal steeds 'n belangrike rol as trustee van die PIDT vervul. Hy is ook intussen deur die minister van landbou, Thoko Didiza, as die voorsitter van die Vegetable Value Chain Roundtable, aangestel.

"Ek en dr Pieterse kom al 'n lang pad," sê Ernst. "Hy is 'n aartappelman in murg en been en is beslis baie bekwaam. Ek het geen twyfel dat hy die PIDT na nuwe hoogtes sal neem nie."

Vir meer inligting, besoek Aartappels SA se webwerf by *www.potatoes.co.za.*